# Geskiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede

deur
Prof. dr. F. J. du TOIT SPIES

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA. NUWE REEKS Nr. 63 — 1971

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,

NUWE REEKS

NR. 63

# GESKIEDENIS AS UNIVERSITEITSVAK IN VERHOUDING TOT ANDER VAKGEBIEDE

deur

deur Prof. dr. F. J. du TOIT SPIES

Rede uitgespreek by die aanvaarding van die Professoraat in die Departement Geskiedenis, gelewer op 25 Maart 1971.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
PRETORIA
1971

Hierdie publikasie en die publikasies wat agter in hierdie publikasie vermeld word, is verkrygbaar by:

Van Schaik's Boekhandel (Edms.), Bpk.,
Burnettstraat 1096,
Hatfield,
PRETORIA.

Prys 40c

REDAKSIEKOMITEE

Prof. dr. B. J. Engelbrecht (Voorsitter, Navorsings- en Publikasieskomitee)

Lede: Prof. dr. D. F. Mostert.
Prof. dr. D. J. J. Potgieter.

Die Publikasie van hierdie reeks word moontlik gemaak deur fondse wat deur die Universiteit van Pretoria aan die Navorsings- en Publikasieskomitee beskikbaar gestel word.

OUTEURSREG
VOORBEHOU

Gedruk deur Pretoria Drukkers, Visagiestraat 28, Pretoria.

ISBN 0 86979 063 3

## GESKIEDENIS AS UNIVERSITEITSVAK IN VERHOUDING TOT ANDER VAKGEBIEDE

Toe ek besluit het om die bogenoemde onderwerp vir hierdie lesing te kies, was ek bewus daarvan dat dit nie juis 'n oorspronklike keuse is nie. Besinning oor Geskiedenis soos dit op universiteite doseer word, of moet word, kom herhaaldelik voor. Trouens, of daar nog iets nuuts oor gesê kan word, is die vraag. Telkens word daarop gewys dat sogenaamde nuwe idees in verband met Geskiedenis glad nie **nuut** is nie, maar teruggevoer kan word op uitsprake en opvattings uit die 19de of 18de eeu of selfs nog vroeër. Met ander woorde: alles wat oor Geskiedenis as vak gesê kan word, is reeds gesê. "Geskiedenis herhaal hom nooit nie," het iemand gesê, "maar historici wel."

Dit is 'n ontmoedigende noot om op te begin. Maar aangesien die eis steeds gestel word dat die geskiedenis herskrywe moet word — met dié veronderstelling egter dat dit telkens **anders** of vanuit 'n ander gesigshoek herskryf moet word — sal ek wat ek hier gaan **herhaal**, op 'n ander wyse probeer **herhaal** as wat voorheen gedoen is.

Miskien is dit nodig om vooraf my onderwerp te omlyn, d.ws. om vooraf aan te dui waaroor dit wel en waaroor dit nie sal gaan nie. Dit val in twee dele uiteen.

Eerstens gee ek kortliks 'n oorsig van hoe Geskiedenis as selfstandige vak sy plek aan die universiteit verower het — in enkele Westerse lande en meer in die besonder in Suid-Afrika en, les bes, aan die Universiteit van Pretoria. Vervolgens gaan ek die verhouding tussen Geskiedenis en aanverwante vakke (of dissiplines) kortliks verken om so die plek van Geskiedenis in die konstellasie van vakke te bepaal.

Dit dan as aanduiding van waaroor die redevoering sal gaan. Daarteenoor deel ek u mee waaroor dit nie sal gaan nie. Dit sal geen bespreking word van indelings, leergange, doseerprobleme, eksamenvereistes, aanbieding, handboeke, kernaantekeninge en dergelike aspekte nie.

Dit is 'n bekende feit dat Geskiedenis maar eers in die 19de eeu sy beslag as selfstandige vak aan universiteit gekry het. Daarteenoor is geskiedskrywing as sodanig miskien so oud soos die beskawing self. By die onstaan van die universiteitswese in Europa gedurende die Middeleeue het Geskiedenis 'n deel van die studie in **humanoria** uitgemaak; dit was ingeskakel by die **retoriek** en het as sodanig 'n ondergeskikte posisie ingeneem[1]. Dit het in hierdie stadium dus nog nie tot 'n selfstandige vak ontwikkel nie. In die moderne tyd, d.w.s. na die Renaissance, het daar allengs verandering gekom. In die 16de en 17de eeue is daar vaagweg hier en daar sprake van 'n leerstoel in Geskiedenis aan 'n universiteit, maar dit is te betwyfel of die vak daar as 'n enkele vak doseer is. Blykbaar was die funksie daarvan slegs om materiaal vir die humanistiese onderrig te verskaf. In die 18de eeu begin die vak hom bevry, maar in baie gevalle is dit nog steeds as 'n hulpdissipline by ander studierigtings beskou, o.a. by die Teologie en by die Regswetenskap.

In Duitsland het veral die Universiteit van Göttingen 'n belangrike bydrae gelewer tot 'n stelselmatige vrywording van die vak — aanvanklik onder die leiding van J. S. Pütter (1725-1807), maar later veral ook deur die pionierswerk van Mosheim, Gatterer en Schlözer[2]. Maar eintlik het die finale emansipasie van die vak eers gekom met die reorganisasie van die Pruisiese universiteitswese onder die leiding van Wilhelm von Humboldt en met die stigting van die Berlynse Universiteit in 1810 (altans wat Duitsland betref). Aan laasgenoemde Universiteit het Niebuhr en Ranke Geskiedenis as 'n selfstandige dissipline gevestig en die plek daarvan in die hiërargie van die universiteitsvakke vasgelê. Veral Ranke het met sy seminaarmetode veel hiertoe bygedra. Sy voorbeeld het navolging aan ander universiteite gevind. Sy leerlinge het sy metode elders toegepas. So het Geskiedenis 'n byna bevoorregte posisie in die Duitse universiteitswese van die negentiende eeu verower.

Ander lande het agter geraak. In Frankryk is daar begin met onderrig van Geskiedenis tydens die Franse Rewolusie en die bewind van Napoleon en hoewel hoogleraars soos Michelet, Guizot en ander hierna aan verskillende inrigtings belangrike werk gelewer het, was die posisie van die vak op universiteit nog onseker. Teen die jare sestig kom daar verandering. Verskeie historici het teen hierdie tyd al met die Duitse wetenskaplike metode kennis gemaak; o.a. Jean Victor Duruy, wat eintlik verantwoordelik was vir die stigting van die **Ecôle Pratique des Hautes Etudes** aan die Sorbonne in 1868, waar daar in die historiese en filologiese afdelings onderrig in navorsingsmetodes gegee is min of meer volgens die Duitse voorbeeld.[3] Dit het die akademiese onderrig in Ge-

skiedenis ten goede gekom. Hierop het hoogleraars soos Monod, Taine, Sorel, Aulard en Rambaud voortgebou.

Nederland, waar ons eerste geslag hitorici hulle opleiding ontvang het, toon ongeveer dieselfde ontwikkeling. Waar Geskiedenis voorheen aan die Nederlandse universiteite ondergeskik was aan Teologie en ander vakke, tref ons ook reeds in die agtiende eeu die belangrike figuur van Adriaan Kluit as hoogleraar in Geskiedenis aan die Universiteit van Leiden aan. Na hom volg minder bekwame professore soos Bilderdijk, maar daarna kom 'n styging oor Groen van Prinsterer en Bakhuizen van den Brink tot Robert Fruin, hoogleraar in Geskiedenis aan die Universiteit van Leiden, wat uiteindelik hierdie wetenskap op 'n vaste basis in Nederland geplaas het.[4] Hier in Nederland vind ons weliswaar nie so 'n bewuste navolging van die Duitse metode nie, maar die wetenskaplike, analitiese metode word teen die einde van die eeu tog algemeen aanvaar.

Aangesien ons universiteitswese in hoofsaak voortkom uit die Britse stelsel van hoër onderwys, is dit miskien vir ons meer ter sake om die weg van Geskiedenis as akademiese dissipline aan die Engelse universiteite na te gaan.

So vroeg as 1724 is daar aan beide Oxford en Cambridge 'n leerstoel in Moderne Geskiedenis gestig. Dit was die daad van Walpole, daartoe oorgehaal deur biskop Gibson. Universitêre onderrig in Engelend was oor die algemeen baie insulêr en aangesien die onderrig in vreemde tale grootliks verwaarloos is, het min idees van buite Engeland daar ingang gevind. So het die ontwikkeling van die Duitse wetenskap aan hulle verbygegaan. Die hoogleraars in Geskiedenis in beide die genoemde leerstoele het dan ook weinig presteer. Geskiedenis as vak was nog verbind aan "International Law and Diplomacy."

Teen die begin van die negentiende eeu was die posisie nog feitlik onverandered. "History was still — an so it was to remain for long in the new century — considered a branch of **Belles-lettres.** It was the occupation of the dilettante, of the gentleman of leisure, and occasionally of the dignified statesman or the ambitious literary worker".[5] Aan Cambridge en Oxford was die onderrig in die Klassieke nog die belangrikste. Die geskiedenis wat wel geskryf is, is vanuit die standpunt van 'n politieke party of 'n kerkgenootskap geskryf, sonder die skyn van objektiwiteit. Gevolglik het Engeland tot teen die middel van die eeu ver agter geraak by Duitsland en in 'n mate ook by Frankryk.

In 1850 is 'n modernisering van die Engelse universitêre stelsel deurgevoer, waaruit die vak Geskiedenis ook voordeel getrek het. Volgens die bepalings van die statuut wat dit teweeg gebring het, is daar aan Oxford byvoorbeeld 'n leerstoel in "Law and History" ingestel. Dat die verbintenis geen van beide kante bevredig het nie, wek geen verbasing nie. Uit hierdie jare dateer die opmerking van Montagu Burrows: "history supplied interest and breadth to the somewhat repulsive science of Law".[6]

'n Daaropvolgende kommissie van ondersoek, ingestel deur die Derbyregering, het as gevolg dat die eerste "Chichele Professor" in Moderne Geskiedenis in 1862 in Oxford aangestel is.

Dit is nie so maklik aanvaar nie. Nog steeds is die vermeende nuttigheidswaarde van Geskiedenis vooropgestel as 'n opleiding vir amptenare, staatslui en regsgeleerdes. Daar was ook nog ernstige bedenkings oor die vraag of Geskiedenis wel swaar genoeg weeg om as akademiese vak alleen te staan. So is daar byvoorbeeld gevra of dit geskik is vir die opvoeding, of dit wel 'n "exercise of the mind" is. Moet dit nie liewer gelaat word tot na die algemene opvoeding voltooi is nie? Sal dit nou wel belangstelling trek? Is dit 'n geskikte vak om eksamen in af te lê? Sal dit nie te maklik wees en dus ongelyk staan teenoor ander vakke nie? Destyds was daar ook nog die vraag oor hoe die vak bestudeer moet word. Volgens die gebruiklike metode wat in die studie van die Klassieke gevolg is, is daar gedink aan die bestudering van 'n gesaghebbende teks. Maar waar sal jy in die moderne geskiedenis 'n teks vind wat dieselfde gesag het as byvoorbeeld Thucidides? In werklikheid het die opleiding in Geskiedenis aan die Universiteit van Oxford tot 1867 bestaan uit kommentaar op 'n handboek wat gelees is. Onder andere is die skrywers Hume, Robertson en Gibbon gebruik.[7]

IN 1867 kom daar 'n radikale verandering. Geskiedenis word van die Regte geskei. Die handboekstelsel word vervang deur die studie van temas. Die belangrikste van alles was die aanstelling van William Stubbs as "Regius Professor" in Moderne Geskiedenis. Onder sy leiding het Geskiedenis werklik 'n akademiese vak geword. Veral die invoer van Konstitusionele Geskiedenis was sy grootste bydrae. Hy was die eerste en miskien ook die grootste van die Oxfordskool van historici.

Tog het Engeland by die Duitsers agter geraak. In Duitsland was daar meer verskeidenheid, meer toewyding. Ten spyte van Stubbs se pogings het die metode van Ranke steeds teenstand in Oxford ondervind. Van Freeman, Stubbs se opvolger, kom die aforisme: "History is past politics and politics is present history", wat nie juis van 'n besondere begrip van die wese van Geskiedenis getuig nie.

In Cambridge kom daar teen 1869 'n vernuwing toe John Seeley die romanskrywer Charles Kingsley as Regius Professor in Geskiedenis opgevolg het, maar die groot man in Cambridge was lord Acton, wat teen die einde van die eeu daar benoem is. Met sy sterk Duitse agtergrond was hy die eintlike invoerder van die Duitse wetenskaplike metode in Engeland.[8]

Amerika was baie meer as Engeland ontvanklik vir die wetenskaplike metode van Ranke. Daar het 'n tradisie bestaan vir historici om in Duitsland te gaan studeer, soos Bancroft, Parkman en andere gedoen het. Die seminaarmetode van Ranke is in die jare sewentig van die negentiende eeu in Amerika ingevoer en wel deur prof. Baxter Adams aan die Johns Hopkins-universiteit. Prof. Henry Adams het dit aan Harvard ingevoer en prof. Andrew D. White aan die Universiteit van Michigan.[9] Dat Geskiedenis ook in Amerika dikwels met ander vakke saam gegroepeer is, word bewys deur die feit dat B. Matthews in 1870 aan die Universiteit van Columbia professor in Staatsleer, Ekonomie, Logika, Engelse Letterkunde en Geskiedenis was. Teen 1880 was daar slegs elf hoogleraars in Geskiedenis in die hele V.S.A.

Vir baie het die keerpunt gekom toe die American Historical Association in 1884 deur 41 geleerdes gestig is, met Ranke as die eerste en enigste erelid. "The long period when the writing of American History was the avocation of lawyers, clergymen and prominent citizens had ended", skryf W. S. Holt.[10]

Maar om nader tuis te kom. Soos bekend, is die Suid-Afrikaanse universiteitswese gebore uit Wet no. 58 van 1858 van die Kaapse parlement, waardeur 'n "Board of Examiners" ingestel is met bevoegdheid om sertifikate, o.a. in die Lettere, uit te reik. Daaruit het voortgekom die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop (Wet no. 13 van 1873) as 'n eksaminerende instelling waarvoor die South African College (gestig in 1829) en die Victoria College op Stellenbosch (gestig in 1866) kandidate opgelei het. Dit was ook die geval met ander universitêre inrigtings wat in die twintigste eeu tot stand gekom het en wat na die selfstandigwording van die Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch, in 1918, onder die Universiteit van Suid-Afrika gefedereer is.

Wat ons interesseer, is die invoering van Geskiedenis as universiteitsvak in hierdie ontwikkeling. Aan die South African College is daar eers in 1901 sprake van 'n "chair of History" waarvoor prof. Freemantle geld probeer insamel het. 'n Mens kan aanneem dat daar reeds voor die tyd Geskiedenis aan die inrigting gedoseer is, maar waarskynlik deur iemand wat ook ander vakke onder sy sorg gehad het. Die poging van Freemantle het vrug gedra. In 1903 is John Edgar verwelkom as die nuwe "Prince of Wales Professor of History". Hy het sy opleiding aan die Universiteit van Oxford gekry. Van hom het 'n skoolhandboek, **The Expansion of Europe,** verskyn, maar ek het niks kon opspoor wat betref sy opvattings oor geskiedenis nie. In 1911 is hy opgevolg deur prof. E. A. Walker, aan ons beter bekend.[11]

Aan die Victoria College, Stellenbosch, vind ons dat Geskiedenis saam met Moderne tale, wat Nederlands, Frans en Duits ingesluit het, in een afdeling saamgegroepeer is onder prof. W. J. Viljoen. In 1898 het Geskiedenis 'n afsonderlike afdeling geword, asook Moderne tale, met prof. Viljoen as hoof van albei afdelings. In 1904 het prof. E. C. Godée Molsbergen Geskiedenis van hom oorgeneem en hy kan dus beskou word as die eerste volwaardige hoogleraar in Geskiedenis aan hierdie inrigting. Hy word in 1912 opgevolg deur prof. Blommaert, terwyl prof. S. F. N. Gie in 1918 bygekom het as hoogleraar in die Jan Marais-leerstoel in Suid-Afrikaanse Geskiedenis, wat toe ingestel is.[12]

Ongeveer dieselfde gang van sake kan aan ander universitêre inrigtings nagegaan word. Aan die T.U.K. is Geskiedenis ook aanvanklik met ander vakke saamgegroepeer. Onder andere is klasse in die vak deur professore Paterson en Purves behartig. Van 1909 af kom dit egter onder die sorg van 'n opgeleide historikus, prof. Leo Fouché. Die leersteol was egter dié van "History and Philisophy" en, behalwe Geskiedenis, het prof. Fouché ook die vakke Logika, Sielkunde, Etiek en Staatsleer waargeneem. Gaandeweg het hy egter van die ander vakke ontslae geraak en slegs Geskiedenis doseer. Om politieke redes was prof Fouché gedurende die Eerste Wêreldoorlog nie baie gewild aan die T.U.K. nie. Die aanstelling van J.A.I. Agar-Hamilton, 'n Engelssprekende, het die po-

sisie nie verbeter nie. Die meeste van die lesings is in Engels gegee en dit het met verloop van jare steeds meer ontevredenheid by die studente gewek.

Hierdie omstandigheid is enigsins verhelp deurdat prof. S. P. Engelbrecht van die Teologiese fakulteit van 1924 af klasse in die vroeë Transvaalse geskiedenis gegee het, terwyl prof. M. Bokhorst in 1934 ook tydelik in die Departement behulpsaam was. In hierdie jaar het prof. Fouché die universiteit verlaat vir 'n leerstoel aan die Universiteit van die Witwatersrand. In 1935 het prof. I. D. Bosman hom opgevolg. Dr. Agar-Hamilton bly tot 1946 aan die Departement verbonde, maar hy was tydens die Tweede Wêreldoorlog op militêre diens. In dié jare het dr. J. Ploeger tydelik waargeneem.[13] Later keer ek terug na die lotgevalle van hierdie Departement, maar dan in meer persoonlike verband.

Vervolgens iets oor die verhouding tussen Geskiedenis en enkele ander vakke.

Dit gebeur soms dat 'n kollega uit 'n ander vakgebied jou vertel dat hy sy studente aanraai om ook Geskiedenis as vak te volg omdat dit vir 'n begrip van sy vak van waarde is. Met ander woorde, kennis van Geskiedenis gee die nodige agtergrond. Sulke uitlatings van vriendelike kollegas is gewoonlik baie goed bedoel en is ook vleiend. Maar 'n mens kan dit ook so interpreteer dat die kollega daarmee tog maar weer Geskiedenis as 'n hulpdissipline sien — die rol wat die vak vroeër so dikwels gespeel het. Ek weet dit word nooit so bedoel nie. Maar ons as historici moet tog waak teen hierdie interpretasie. Veral moet ons nie regverdiging vir ons vak soek in die bydrae wat dit tot ander vakgebiede kan lewer nie. Regverdiging moet in die vakinhoud self gevind word.

Hier wil ek dan die teenoorgestelde onder die aandag bring. Ek wil naamlik die vraag stel in hoeverre ander vakke Geskiedenis van diens kan wees, of, as dit nie aanmatigend klink nie, in hoeverre ander vakke as hulpdissiplines vir Geskiedenis aangewend kan word. Ek meen daar is behoefte aan meer aanraking tussen die verskillende akademiese dissiplines, veral dié wat beskou kan word as verwante dissiplines. Na dit my voorkom, is elke vak besig om meer en meer geïsoleerd te ontwikkel, aangesien spesialisasie die eis van die tyd is. Ek het dit net oor die Geesteswetenskappe. Elkeen ontwikkel 'n eie idioom, praat meer en meer sy eie taal, wat gaandeweg nie meer ten volle buite hom begryp word nie. Gevolglik kwyn die onderlinge gesprek. Tog meen ek dis nodig om soms oor die muur te kyk na wat aan die ander kant aangaan.

Daar is 'n verstaanbare huiwering by vakmanne om hulle uit te laat oor ander vakke. Die lewe is immers te kort om jou eie vak onder die knie te kry. Vanwaar dan die aanmatiging om jou oor ander uit te laat? Tog is dit soms nodig.

Vandag word dikwels die eis gestel dat Geskiedenis meer aandag moet gee aan die metodes en resultate van die Sosiale Wetenskappe. Wat met die term Sosiale Wetenskappe bedoel word, wil ek hier nie bespreek nie en ook nie probeer vasstel watter vakke almal in hierdie kategorie tuishoort nie. As 'n mens egter by sekere Europese universiteite nagaan watter vakke in die fakulteit van Sosiale Wetenskappe geklassifiseer word, vind jy die volgende: Psigologie, Sosiologie, Antropologie, Opvoedkunde, Ekonomie en Staatsleer, met daarby nog al die onderverdelings van elkeen van hierdie vakke.

Sedert die begin van die eeu word daar meer en meer die eis gestel dat ekonomiese en sosiologiese faktore by die interpretasie van die verlede — wat immers die taak van die historikus is — in ag geneem moet word, afgesien van Ekonomiese en Sosiale Geskiedenis, wat as twee aparte soorte Geskiedenis tevoorskyn gekom het. Dit was die eis wat die Amerikaanse **New History** van Robinson en Beard en ook die Franse **Annaleskool** van Bloch en Febvre gestel het. Hulle het veral te velde getrek teen die eensydige politieke geskiedskrywing wat in gebreke bly om die verlede in sy totaliteit te benader. So het prof. P. J. Bouman 'n tien jaar gelede in sy boek **In de ban der geschiedenis** 'n reeks aanklagte teen die geskiedskrywing as sodanig gerig. Vir hom het die Geskiedenis 'n verstarde en verstarrende wetenskap geword. Onder andere beskuldig hy die Geskiedeniswetenskap van 'n te geringe belangstelling in die mens "als centraal objekt van geschiedvorsing en -schrijving", van gebrek aan 'n "integrale" benadering, van meer belangstelling vir feite as **processen**, van 'n voorliefde vir "hanteerbare bronnen", van verwaarlosing van verhalende geskiedenis en historiese uitbeelding, van konserwatisme, en dan ook van "onderschatting van voor de geschiedenis onontbeerlike hulpwetenschappen".[14]

Onder hulpwetenskappe bedoel hy nie dié wat gewoonlik in verband met Geskiedenis bygehaal word nie, soos bv. Paleografie, Oorkondeleer, Seëlkunde, ens., maar "de psychologie, de

sociale psychologie, de psychiatrie, de sociologie of de culturele anthropologie".[15]

Aangesien sowel Geskiedenis as die Sosiale Wetenskappe met die mens in sy sosiale verband te doen het, is daar heelwat oorvleueling — so word daar beweer. Van die kant van die Sosiale Wetenskappe word daar aangevoer dat die historiese metode in sommige gevalle verouderd en ook nie wetenskaplik genoeg is nie. Daar moet naamlik meer van syfers gebruik gemaak word, van statistieke en dergelike, d.w.s van die kwantitatiewe metode. Syfers is nou eenmaal meer eksak en gevolglik meer "wetenskaplik" — so word daar aangevoer. Omgekeerd is daar weer historici wat die Sosiale Wetenskappe daarvan beskuldig dat hulle gevolgtrekkings op te skrale gegewens gebaseer word, dat hulle aprioristies te werk gaan, en so meer.[16]

Belangrik is dit dat die wesenlike verskil tussen Geskiedenis en die meeste van die Sosiale Wetenskappe in die oog gehou word. Daar word beweer dat die Sosiale Wetenskappe meer by die hede en die toekoms belang het en die Geskiedenis, daarenteen, uitsluitlik by die verlede. Dit is 'n vergelyking wat nie heeltemal opgaan nie, maar ons laat dit daarby. 'n Ander wesenlike verskil is dat die Sosiale Wetenskappe eintlik toegepaste wetenskappe is en die Geskiedenis nie. So is dit die taak van die ekonoom en die sosioloog om sekere riglyne of 'n sekere beleid aan te dui, en is dit dus op die toekoms gerig. Die Geskiedenis het nie hierdie taak nie. Sy taak is slegs om die verlede te verklaar en sinvol te maak. As iemand anders daaruit 'n les vir die toekoms wil put, is dit sy saak. Die historikus glo nie dat dit moontlik is nie.

'n Ander wesenlike verskil is dan dat Geskiedenis 'n idiografiese wetenskap en die ander nomotetiese wetenskappe genoem word.[17] Dit kom daarop neer dat die Geskiedenis geïnteresseerd is in die besondere, die partikuliere, die eenmalige — vir hom is alle gebeurtenisse eenmalig. Aan die ander kant soek die Sosiale Wetenskappe steeds na die algemene, die herhalende, met die opset om daaruit sekere gedragspatrone of modelle of tendense te leer ken. So soek die ekonoom na neigings, "trends", tendense om die hedendaagse praktyk en die toekoms te dien. Hy moet weet watter faktore depressies veroorsaak, sodat hulle voorkom kan word. Hy is nie soseer begaan oor een spesifieke depressie nie, soos die historikus wel is. Die sosioloog is byvoorbeeld geïnteresseerd in die toe- of afname van jeugmisdaad en nie in partikuliere gevalle nie. Die volkekundige het belang by die beskrywing van 'n begrafnis van 'n kaptein omdat sekere gebruike en gedragspatrone daaruit aan die lig kom. Die historikus is geïnteresseerd in die spesifieke begrafnis, omdat dit miskien 'n stamoorlog tot gevolg gehad het.

Ekonomiese en sosiale faktore is so verweef met mekaar dat dit nie geskei kan word nie. So neem die Franse **Annaleskool** dit op. Eintlik kan mens dit so sien: juis deur die studie van hoofsaaklik ekonomiese faktore kom hulle tot 'n breë sosiologiese interpretasie van die geskiedenis.

In dié verband is dit interessant om die vraag te stel wat Sosiale geskiedenis en wat Ekonomiese geskiedenis nou eintlik is. G. M. Trevelyan, die bekende skrywer van **A social history of Engeland,** het Sosiale geskiedenis op 'n speelse wyse gedefinieer as "History with the politics left out",[18] terwyl minder vriendelike kritici dit gekenskets het as "a polite talk about the past".[19] In werklikheid vind ons dat daar in so 'n geskiedenis tog heelwat aandag aan ekonomiese faktore gegee word.

Omgekeerd bevat Ekonomiese geskiedenis tog ook baie belangstelling vir ander as net suiwer ekonomiese verskynsels. Ekonomiese geskiedenis as sodanig ontwikkel teen die einde van die vorige eeu, met toespitsing op arbeidstoestande, en toon dan ook enigsins 'n neiging na links. Na dit my voorkom, het Ekonomiese geskiedenis, vir sover dit tans beoefen word, meer 'n hulpdissipline van Ekonomie geword. So byvoorbeeld het die geskiedenis van lone en pryse, van depressies en inflasies waarde vir die Ekonomiese Wetenskappe. "Economic history has been well defined as that part of history which requires a knowledge of economics for its full understandig", skryf W. H. B. Court.[20] En waar die Ekonomie in al sy vertakkinge meer en meer gespesialiseerd raak, ook as gevolg van die aanwendig van natuurwetenskaplike tegnieke, lyk dit vir my vanselfsprekend dat Ekonomiese geskiedenis, of Geskiedenis van ekonomiese beleid, aan die ekonoom oorgelaat moet word. Tog is dit steeds vir die historikus van belang en het hy dit steeds nodig om 'n so volledig moontlike begrip van die verlede te verkry.

Ook in hierdie geval moet ons die wesenlike verskille in gedagte hou. Van die ekonoom word toepassing verwag. Hy moet 'n beleid neerlê vir die toekoms. Hy moet waarsku as sake skeef loop — en om dit alles te kan doen,

put hy uit die ervaring van die verlede, wat die "tendense" moet blootlê. Die historikus het gelukkig nie hierdie taak nie. Sy taak is om die verlede te verklaar. As iemand daaruit 'n wetmatigheid wil onderken, is dit sy saak. Die historikus staan skepties daarteenoor. Hy meen dat weens die oneindige veelsydigheid van historiese feite en die onvoorspelbaarheid van die menslike gedrag, daar nie vaste lyne te onderken is nie. Daarom dat skrywers soos Spengler en Toynbee die historici in die verlede nie oortuig het nie en vandag ook nie.

Staatsleer is 'n vak wat altyd nou aan Geskiedenis verbonde was. Marwick wys daarop dat "until the most recent past it was usual in both British and American universities for political science teaching to be included within the history departments"[21]. In werklikheid het Staatsleer 'n ooreenkoms met Resente Geskiedenis getoon — soos dit dan aan die universiteit doseer is.

Die hierbo aangehaalde uitspraak van prof. Freeman, "History is past politics and politics is present history", word tans as verouderd beskou. In 'n sekere mate is dit ook die geval met die bekende uitlating van prof. John Seeley:

"History without political science has no fruit;

Political science without history has no root."

Tog is prof. C. F. Nieuwoudt (in een van die Fakulteitslesings: Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie) geneig om die laaste gedeelte daarvan nog te onderskryf, deur aan te toon dat Staatsleer sterk op Geskiedenis aanleun. Volgens hom is die taak van die staatkundige "die uitbouing van die historiese feite, soos deur die geskiedskrywer hom aangebied, binne die raamwerk van sy eie vakgebied", en "om die gegewe feite te gebruik om sodoende die patroon van die staatkundige ontwikkeling van die verlede te kan vasstel".[22]

Omgekeerd moet die Geskiedenis nie sy oë sluit vir wat van die Staatsleer in die vorm van leengoed verkry kan word nie. Waar Geskiedenis in hoofsaak die geskiedenis van die staat is, of van 'n groep mense wat binne staatkundige verband saamleef, en waar Staatsleer eintlik die studie van die staat is, daar kan Geskiedenis met vrug kennis neem van die bevindinge van die Staatsleer sowel as van die bekende politieke teorieë wat daar ook die onderwerp van studie is. Maar ook hier moet die wesenlike verskil tussen die twee vakke nie uit die oog verloor word nie en moet Geskiedenis aan homself getrou bly.

Die verwantskap tussen Geskiedenis en die Volkekunde is duidelik, veral in 'n land soos Suid-Afrika waar die Nie-Blanke volkere so 'n wesenlike rol in ons geskiedenis gespeel het. Na ek my voorstel, maak die volkekundige en historikus baie keer van dieselfde materiaal gebruik. Ek herinner my hoe wyle dr. T. S. van Rooyen, wat besonder belang in die geskiedenis van die Nie-Blanke gestel het, dikwels beweer het dat volkekundiges met groter vrug hulle gegewens in die argief moet gaan soek, waar, volgens hom, 'n rykdom aan volkekundige gegewens te vinde is.

Ook Volkekunde verskil egter wesenlik van Geskiedenis. Ook die volkekundige is minder in die gebeurtenisse geïteresserd as in die patroon. Sy onderwerp is die volk soos dit na vore kom in die lewensgewoontes, gebruike, seremonies, familieverband, godsdiens, ens., daarvan. Die gebeure is hoofsaaklik van belang vir sover dit lig op 'n lewenspatroon werp. Aangesien ek glo dat die historikus in hierdie land die Nie-Blanke meer in sy beskrywing van die verlede moet betrek, kan die Volkekunde hom onteenseglik van groot hulp wees. Dit geld as 'n belangrike hulpmiddel waar die geskiedenis van onontwikkelde volke saamgestel word.

Naas Volkekunde dink mens dadelik aan Argeologie as 'n wetenskap wat baie tot ons kennis van die menslike verlede bygedra het. Dit is 'n vak waaraan Geskiedenis baie verskuldig is. Maar ook hier moet die basiese verskil in die oog gehou word, nl. dat Argeologie alleen statiese gegewens blootlê, terwyl Geskiedenis juis gaan oor die bewegende, die veranderende. So kan 'n argeoloog met sy opgrawing verskillende lae van beskawings blootlê; hy kan vasstel hoe hulle op mekaar volg; met tegniese en ander hulpmiddels kan hy hulle selfs dateer — maar hy kan nie vasstel **hoe** die een beskawing die ander opgevolg het nie, dus wat daar werklik gebeur het nie. Om dit te kan vasstel, het hy die gegewens van Geskiedenis nodig. Dit geld in hoofsaak vir argeologiese opgrawings waar daar geen geskrewe reste opgegrawe word nie.

Nog 'n sosiale wetenskap wat tans voorop gestel word as 'n hulpwetenskap vir Geskiedenis, is Sielkunde. So word daar beweer dat historici oor 'n kennis van Sielkunde moet beskik om die reaksies sowel van die indiwidu as die massa reg te kan interpreteer. In 'n mate was geskiedskrywers maar altyd genoodsaak om psigologiese insig te pas te bring, hoewel dit soms onbewus of op 'n amateuragtige wyse

geskied het. Veral is dit die geval met die biografie. "Today no historian could write a biographical study without betraying something of the influence of Freudian and post Freudian psychology", skryf Marwick.[23] Daar is egter al op gewys dat 'n oormaat aan sielkundige afleidings nie altyd 'n geslaagde biografie tot stand bring nie.

In 'n nog groter mate as wat by die indiwidu die geval is, is die eis dat Massa- of Sosiale psigologie by 'n interpretasie van die verlede toegepas moet word. Alleen op dié wyse, so word daar aangevoer, kan groepsreaksies in tye van groot spanning begryp en verklaar word. Die gebeurtenisse van die twee wêreldoorloë bring die historikus te staan voor wat genoem word die irrasionele in die geskiedenis. Om dit te kan deurgrond, is daar 'n kennis van Psigologie of selfs Psigiatrie nodig — so word daar aangevoer.

Daar is nog verskeie ander vakke wat by die studie van Geskiedenis van nut is. Een van die verwyte wat prof. Bouman teen historici aanvoer, is dat hulle nie genoeg kennis dra van die Wysbegeerte nie. Hier geld dit nie net van die Filosofie van die Geskiedenis nie, wat noodsaaklik is om die historikus telkens weer bewus te maak van die wese van sy vak, maar van Wysbegeerte in die algemeen. Die wenslikheid hiervan onderskryf ek baie graag.

Dan is dit ook vanselfsprekend dat die historikus groot voordeel kan trek uit 'n kennis van die Regswetenskappe — veral Volkereg, Aardrykskunde, veral Kulturele Aardrykskunde, en nog talle ander vakgebiede. Die eis word ook gestel dat die historikus noodwendig moet kennis maak met die ontwikkeling van die tegniek en van die Natuurwetenskappe, aangesien hierdie vakke in so 'n groot mate verantwoordelik is vir veranderings in die maatskappy, nie alleen op materiële nie, maar ook op geestelike gebied. Trouens, Geskiedenis van die Natuurwetenskappe is 'n soort geskiedenis wat vandag nogal heelwat aandag geniet.

Hoewel ek hierbo van Ekonomiese en Sosiale geskiedenis gepraat het, wil ek nie verder uitwei oor dergelike soorte geskiedskrywing nie. In werklikheid het elke vak sy eie geskiedenis en die verwantskap tussen Geskiedenis en Kunsgeskiedenis, Kerkgeskiedenis, Geskiedenis van die Opvoedkunde of Historiese Pedagogiek, en dergelike meer, is so vanselfsprekend dat ek nie daaroor wil uitwei nie. Ook wil ek nie die verskil tussen Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis probeer aandui nie. Sommige beweer dat Kultuurgeskiedenis eintlik die ware geskiedenis is.

Ten slotte wil ek ook nog Taal- en Letterkunde in die bespreking betrek. Net soos alle wetenskappe het Geskiedenis die taal nodig om sy "boodskap" oor te dra. Soos hierbo aangedui, is Geskiedenis voorheen as 'n onderdeel van die Letterkunde beskou. Hierdie verwantskap het hy nog nie verloor nie. Afgesien van die vraag of geskiedskrywing analities of verhalend moet wees, is vlot taalgebruik 'n groot aanwins vir elke historikus. Die historikus moet kan "skryf". Of dié eienskap aangebore is of aangeleer kan word, wil ek nie bespreek nie. Tog glo ek dat korrekte taalgebruik aangeleer kan word en opleiding in die Taalkunde is seker van groot waarde. In dié geval wil ek graag 'n lansie breek vir die eenvoudige taal wat elkeen praat. Geskiedenis is nie 'n vak net vir die vakman nie, maar in die eerste plek vir die algemene publiek. Dit is noodsaaklik dat die leek 'n geskiedenisboek moet kan lees en begryp. Die historikus mag hom nie opsluit in 'n ivoortoring nie; hy mag nie 'n muur van groot woorde om hom heen bou nie. Hy moet eenvoud van styl nastrewe wat ook 'n kenmerk is van die goeie letterkunde. Hy moet die betekenisnuanses van die gewone woord kan aanvoel.

Kennis van vreemde tale is so vanselfsprekend dat ek nie daarby wil stilstaan nie. Kennis van die letterkunde van 'n sekere tydperk is noodsaaklik om die geskiedenis van dié tydperk te begryp.

Na al hierdie raakpunte tussen geskiedenis en ander vakke baie vlugtig en, ek gee toe, ook baie oppervlakkig verken is, kan ons maar hier ook die vraag stel wat gewoonlik gestel word. Dit is naamlik hoe jy van een persoon kennis van al dié vakgebiede kan verwag sodat dit in die geskiedenisnavorsing te pas gebring kan word. Is dit dan alleen die genie wat toegelaat moet word om geskiedenis te skrywe? Die antwoord is nee. Die historikus is meestal maar 'n gewone mens. As oplossing word gestel dat die historikus moet staat maak op sy gesonde verstand, "common sense", en dat sy gesonde verstand hom sal lei om by dié vakke te gaan leen wat hy vir bepaalde navorsing nodig het. Hierteenoor is daar aangevoer dat so-iets onwetenskaplik is. Dit is tog seker nie net Geskiedenis wat met hierdie probleem te doen het nie, maar ook alle ander vakke. Daarom glo ek nie dat die beswaar net ten opsigte van geskiedenis geld nie. Die wetenskaplikheid van die metode hang in elke geval van die navorser af.

Die slotsom waartoe ek kom, is dan net dit: dat ons as akademici aangewys is op mekaar

Vergun my om ten slotte iets van 'n meer persoonlike aard op te haal. Dit mag vreemd voorkom dat iemand wat reeds byna 25 jaar aan 'n departement verbonde is, nou met 'n professorale intreerede vorendag kom. Dit mag vreemd voorkom, maar daar was seker al meer sulke gevalle. Dit het dié voordeel dat oor 'n langer stuk pad terug gekyk kan word as wat gewoonlik die geval is.

Dit is nou eenmaal die goeie gebruik om by so 'n geleentheid jou voorgangers by te haal. Hier sluit ek aan by die punt waar ek hierbo met die ontwikkeling van die Geskiedenisdepartement opgehou het, naamlik by die benoeming van prof. I.D. Bosman.

Toe ek in Augustus 1946 hier aangestel is, was prof. Bosman reeds nege jaar hoof van die Departement. Hy was 'n algemeen gerespekteerde en geliefde persoon, wat — soos dit dikwels met universiteitsdosente die geval is — so in beslag geneem is deur organisasies binne sowel as buite die Universiteit, dat dit die toewyding aan sy vak benadeel het. Hy was van daardie eerste, of miskien tweede, geslag historici wat hulle opleiding oorsee ontvang het — hy het onder Brugmans in Amsterdam studeer — en wat soveel gedoen het om die vak hier in Suid-Afrika op 'n wetenskaplike grondslag te plaas. In sy intreerede kan mens lees hoe dit sy strewe was om die volk te dien sonder om die wetenskaplike grondslae van die vak geweld aan te doen.[24] Ek het nouliks ses maande met hom saamgewerk toe hy skielik oorlede is.

Daarna het prof. A. N. Pelzer, wat toe reeds aan die Departement verbonde was, hom opgevolg. Teenoor hom is dit vir my inderdaad moeilik om die woorde te vind om te sê wat ek graag wil sê. Vir byna 25 jaar het ons saamgewerk. Ek het hom in die jare só vereenselwig met die Departement Geskiedenis dat dit nou moeilik is om jou die Departement sonder hom in te dink. Dit is nie maar net beeldspraak om te sê dat sy plek daar leeg is nie. Ek wil hom graag dank vir sy jarelange kollegialiteit, maar veral vir wat hy vir die status van die vak Geskiedenis aan die Universiteit beteken het. Ons is dankbaar dat die Raad die versoek goedgekeur het dat hy as Ere-professor aan die Departement verbonde bly. Ons hoop dat sy huidige werksaamhede hom sal toelaat om steeds 'n werklike aandeel aan die lotgevalle van die Departement te hê.

Dan is dit vir my nog 'n behoefte om twee kollegas te gedenk wat reeds die tydelike met die ewige verwissel het, albei jonger as ek en albei weggeneem toe daar nog baie vrugbare werk van hulle verwag kon word. Die eerste is dr. W. J. de Kock, wat na die afsterwe van prof. Bosman in 1948 in die Departement aangestel is en, met 'n tydelike afwesigheid van drie jaar toe hy as hulpargivaris oorsee diens gedoen het, tot 1961 aan die Departement verbonde was. Hy was daarna, vir 'n kort tyd, professor aan die Universiteitskollege van Wes-Kaapland en toe Hoofredakteur van die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Ek bring graag hulde aan sy kollegialiteit en vriendskap, ook na hy hierdie Universiteit verlaat het, aan sy voorbeeld van buitengewone werkvermoë en hoogstaande vakmanskap. Hy is in Augustus verlede jaar aan 'n hartaanval in sy huis in Bellville oorlede.

Die tweede is dr. T. S. van Rooyen, eers tydelik, tydens die afwesigheid van dr. De Kock, en later permanent aan die Departement verbonde. Hy was in die geheel meer as nege jaar in die Departement werksaam. As geskiedenisfilosoof en as kenner van Afrika en die Bantoe het hy 'n leemte gelaat toe hy in Desember 1967, ook aan 'n hartaanval, in Durban oorlede is. Hulde aan sy gedagtenis.

Ten slotte wil ek my wend tot my huidige kollegas binne die Departement. Mnr. W. A. Stals is reeds sedert 1961 aan die Departement verbonde. Vir sy bereidheid om steeds meer werk op hom te neem, vir sy deeglikheid as historikus en dosent, wil ek hom van harte bedank. Dr. A. P. J. van Rensburg is sedert 1968 by ons en het hom reeds met ons Departement vereenselwig. As iemand van buite, d.ws., nie 'n produk van die Universiteit van Pretoria nie, bring hy miskien net daardie ander benadering wat ons nodig het. Aan ons jongste kollegas, mnr. D. W. van der Merwe en mnr. F. Pretorius, wil ek jare van vrugbare samewerking in die Departement en groei en ontwikkeling in hulle kennis van die vak Geskiedenis toewens.

**Summary**

In this lecture two aspects of the subject as stated above are being considered: in the first place the emergence of History as an academic discipline in universities overseas as well as in South Africa, and in the second place the interrelationship between History and other disciplines taught at university level.

It was not before the nineteenth century that History was generally accepted as an independent discipline. Before that it was subordinate to other subjects. It was considered as a branch of Literature or taught in conjunction with other subjects such as Law, Philosophy, Theology and Political Science. In other words History was considered as an auxilliary to other disciplines.

Although we do find professors in History in various European universities during the eighteenth and even the seventeenth century, History only came into its own with the founding of the University of Berlin in 1810 and the appointment of Leopoldt von Ranke as professor in this subject. Through his scientific approach and his seminar method of teaching, History was gradually accepted as a science worthy of being studied on its own. It was, however, not before the second half of the nineteenth century that this scientific approach was adopted by universities in other countries: in the Netherlands by Prof. Robert Fruin at the University of Leiden, in France by prof. Duruy at the Ecole Pratique des Hautes Etudes, in Engeland by prof. Stubbs at Oxford and Lord Acton at Cambridge, and in America by prof. Baxter Adams at Johns Hopkins, Prof. Henry Adams at Harvard and prof. Andrew White at Michigan.

In South Africa during the nineteenth century History was still taught in conjunction with other subjects in the only two academic institutions then in existence, namely the South African College in Cape Town and the Victoria College at Stellenbosch. The first professor in History in South Africa was Prof. John Edgar, appointed in 1903 at the South African College, followed by Prof. E. C. Godée Molsbergen at the Victoria College in 1904. Soon after its founding a professionally trained historian was appointed at the Transvaal University College (later to become the University of Pretoria). He was Prof. Leo Fouché, appointed in 1911. However, in the beginning he also had to take care of the subjects Logic, Psychology, Ethics and Political Science. In 1935 he was succeeded by Prof. I. D. Bosman, who died in 1948 when Prof. A. N. Pelzer succeeded him.

As regards the second part of the lecture we draw the attention to the fact that History is sometimes, albeit unintentionally, still looked upon as an auxilliary to other disciplines. The historian, however, should never yield to this point of view. History should be studied simply for its own sake. On the other hand we might well ask in how far related disciplines could be of help in the study of History.

During the first half of this century the **New History** movement in America and the **Annales School** in France came forward with the demand that more social and economic data should be used in the study of the past. This approach has been more or less accepted. Today there is a cry for interdisciplinary co-operation. Especially the so-called Social Sciences are looked upon as possessing great possibilities for enriching and broadening our knowledge of the past. This being so, it is certainly necessary to investigate to what degree other disciplines taught at the university, such as Political Science, Sociology, Economics, Anthropology, Philosophy, Law, Geography and so forth could be of help in the study of History. The historian should be prepared to consider all those possibilities.

However, the fundamental difference between History and the Social Sciences should not be overlooked. The Social Sciences are all more or less applied sciences, while History is not. Furthermore, as Windelband already pointed out in the previous century, History is an idiographic science, while the Social Sciences tend to be nomothetic in character.

## VOETNOTE

1. Boyd C. Shafer, **Historical study in the West,** New York, 1968, p. 75.
2. J. W. Thompson, **A history of historical writing,** 2de druk, New York, 1942, deel 2, pp. 122-124.
3. Thompson, 267.
4. **Historische Winkler Prins Encyclopedie,** Amsterdam 1957, p. 84.
5. Thompson, 280.
6. C. Oman, **On the writing of history,** herdruk, Londen, 1969, p. 228.
7. R. W. Southern, **The shape and substance of academic history,** Oxford, 1961, p. 9.
8. A. Marwick, **The nature of history,** Londen, 1970, p. 48. Sien ook David Matthew, **Lord Acton and his times,** Londen, 1968. 8
9. Shafer, 176.
10. W. S. Holt, **The historical profession in the United States,** N.Y., 1963, p. 4.
11. W. Ritchie, **The history of the South African College,** 1829-1918, Kaapstad, 1918, p. 416 e.v.
12. **Stellenbosch 1866-1966 — honderd jaar hoër onderwys,** p. 40.
13. **Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria,** Johannesburg, 1960, pp. 112-113.
14. P. J. Bouman, **In de ban der geschiedenis,** Assen, 1961, pp. 30-31.
15. Bouman, 37.
16. G. R. Elton, **The practice of history,** Londen, 1967, p. 23 e.v.
17. W. Windelband, **Geschichte und Naturwissenschaft,** 1894.
18. Aangehaal deur H. J. Perkin in H. P. R. Finberg, **Approaches to history,** Londen, 1962, p. 51.
19. Marwick, 59.
20. W. H. B. Court in Finberg, 17.
21. Marwick, 126.
22. C. F. Nieuwoudt in G. Cronjé (red.), **Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie,** Pretoria, 1967, p. 3.
23. Marwick, 109.
24. **Historiese Studies,** jrg. 8, nr. 1, Junie 1947, p. 16 e.v.

## PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT.

1. „Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte" — Dr. P. C. Coetzee.
2. „Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek" — Prof. B. F. Nel.
3. „Die Toenemende belangrikheid van Afrika" — Adv. E. H. Louw.
4. „Op die Drumpel van die Atoomeeu" — Prof. J. H. v.d. Merwe.
5. "Livestock Philosophy" — Prof. J. C. Bonsma.
6. "The Interaction Between Environment and Heredity" — Prof. J .C. Bonsma.
7. „Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging — Julie 1958".
8. „Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948" — Prof. H. J. J. Reynders.
9. „Suiwelbereiding as Studieveld" — Prof. S. H. Lombard.
10. „Die toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte" — Prof. J. J. Matthee.
11. "The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children" — Prof. D. G. Steyn.
12. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex." Part 1. — Dr. C. J. Liebenberg.
13. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part II. The Different Rock Types." — Dr. C. J. Liebenberg.
14. "Protective action of Fluorine on Teeth." — Prof. D. G. Steyn.
15. "A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals." — Dr. C. P. Snyman.
16. „Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria." — Prof .D. M. Joubert.
17. „Die Bestryding van Plantsiektes." — Prof. P. M. le Roux.
18. „Kernenergie in Suid-Afrika." — Prof. A. J. A. Roux.
19. „Die soek na Kriteria." — Prof. A. P. Grové.
20. „Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap." — Prof. E. B. van Wyk.
21. „Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk." — Prof. D. J. Stoker.
22. „Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie" — Prof. P. C. Snijman.
23. "Freedom — What for" — K. A. Schrecker.
24. "Once more — Fluoridation" — Prof. D. G. Steyn.
25. „Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde" — Prof. P. C. Coetzee.
26. „Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap." — Prof. J. A. Lombard.
27. "The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal." — Dr. C. J. Liebenberg.
28. „Die Inligtingsprobleem." — Prof. C. M. Kruger.
29. "Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies" — Prof. D. G. Steyn.
30. „Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief" — Prof. F. van der Stoep.
31. „Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap." — Prof. Anna S. Pohl.
32. "The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal" — Dr. D. Page.
33. „Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Professie." — Prof. J. J. N. Cloete.
34. „Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit." — Prof. J. A. E. Leue.
35. „Analitiese Chemie" — Prof. C. J. Liebenberg.
36. „Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing" — Prof. D. J. L. Visser.
37. „Moses by die Brandende Braambos." — Prof. A. H. van Zyl.
38. "A Qualitative Study of the Nodulating Ability of Legume Species: List 1." — Prof. N. Grobbelaar, M. C. van Beyma en C. M. Todd.
39. „Die Messias in die Saligsprekinge." — Prof. S. P. J. J. van Rensburg.
40. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1963/1964.
41. „Universiteit en Musiek." — Prof. J. P. Malan.
42. „Die Studie van die Letterkunde in die Bantoetale." — Prof. P. S. Groenewald.
43. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1964/1965.
44. „Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe." — Prof. G. Cronjé.
45. „Die Verboude Grond in Suid-Afrika." — Prof. D. G. Haylett.

46. „'n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo." — Prof. Charlotte Searle.
47. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1965/1966.
48. „Op Soek na Pedagogiese Kriteria" — Prof. W. A. Landman.
49. „Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou." — Prof. D. F. Mostert.
50. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1966/1967.
51. "Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment, of disease" — Prof. Douw G. Steyn.
52. "Honey as a food and in the prevention and treatment of disease." — Prof. D. G. Steyn.
53. "A check list of the vascular plants of the Kruger National Park." — Prof. H. P. van der Schijff.
54. "Aspects of Personnel Management." — Prof. F. W. Marx.
55. Samevattings van Proefskrifte en Verhandelinge 1967/1968.
56. „Sport in Perspektief." — Prof. J. L. Botha.
57. „Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid" — Prof. J. A. Heyns.
58. „Onkruide en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika" — Prof. P. C. Nel.
59. „Die Verhoudingstrukture van die Pedagogiese Situasie in Psigopedagogiese Perspektief" — Prof M. C. H. Sonnekus.
60. „Kristalhelder Water" — Prof. F. A. van Duuren.
61. „Arnold Theiler (1867-1936) — His Life and Times" — Dr. Gertrud Theiler.
62. „Dr. Hans Merensky — Mens en Voorbeeld" — Prof. P. R. Skawran.